HOËR VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

Plasketstraat Posbus 21 Graaff-Reinet Tel: 049 891 0514 Faks: 049 891 0515 hoof@hvsgrt.org.za www.hvsgrt.org.za

18 SEPTEMBER 2020

OUERS/VOOGDE EN LEERDERS

'n Mooi dag vir almal. Ons kan die belowende tekens van 'n nuwe seisoen sien verskyn. Reën is baie nodig in ons omgewing en ons glo dat ons Hemelse Vader ook in die behoefte sal voorsien op Sy Tyd.

Daar is positiewe tekens wat die COVID-19 pandemie betref. Die verandering na inperkingsvalk 1 is goeie nuus vir ons land se ekonomie. Dit is belangrik om die Veiligheidsmaatreëls te gehoorsaam. Indien daar nou opgetree sal word asof ons buite gevaar is kan daar weer 'n toename in mense wees wat siek word. Enige nuwe beplanning rakende die skool moet dus oordeelkundig gedoen word.

Die belangrikheid van ons leerders se akademiese vordering is nou 'n prioriteit tot aan die einde van die akademiese jaar. Baie dankie vir die harde werk van die onderwysers om onder uitdagende omstandighede vir die leerders te ondersteun tot moontlike sukses. Daar is leerders wat hard werk by die skool en ook wanneer hulle nie by die skool is nie. Julle is op die regte pad. Ongelukkig is daar ook leerders wat nie hulle kant bring nie. Ons het die ouers se beoefening van ***"Dissipline met Deernis"*** nodig om hierdie leerders op die regte pad te laat loop.

Die Graad 12-leerders is nou besig met hulle Voorbereidende eksamen. Dit behoort nie nou meer nodig te wees om vir die leerders te wys op die belangrikheid om hulle skoolloopbaan suksesvol te voltooi nie. Die laaste week van hierdie kwartaal (19 tot 23 Oktober 2020) skryf die Graad 12's Lewensoriëntering en Rekenaartoepassingstegnologie eindeksamen vraestelle. Die skool sluit op 23 Oktober 2020 en begin op 02 November 2020. Die Graad-12 Eindeksamen begin op 05 November 2020. Die Graad 8 tot 11-leerders skryf nie hierdie kwartaal 'n eksamen of toetsreeks wat tussen vasgestelde datums plaasvind nie. Die formele toetse en ander evaluering word in klastyd ingepas om sodoende so min as moontlik onderrigtyd te verloor. Dit doen egter onder geen omstandighede afbreek aan die belangrikheid van die evaluering nie.

Die uitdagende ekonomiese omstandighede het beslis ook nie die skool en koshuis onaangeraak gelaat nie. Baie dankie vir elkeen wat getrou aanhou betaal. Ons kan nie 'n goeie skool en koshuis handhaaf sonder u finansiële ondersteuning nie. Ondersteun ook asseblief ons lootjiekompetisie om die skool in staat te stel om dit 'n beter plek vir almal te maak. Ons dank gaan ook aan die oudskoliere wat tans 'n fondsinsamelingsprojek in die vorm van 'n lootjiekompetisie loods wat tot voordeel van Hoër en Laer Volkskool sal wees. Daar is dus verskeie geleenthede om beleggings te maak in die toekoms van ons jeug. U ondersteuning word hoog op prys gestel.

Daar is toestemming verleen deur die Departement van Onderwys om op Vrydag, 25 September 2020 'n skoolvakansiedag te neem. Donderdag, 24 September 2020 is Erfenisdag, 'n Nasionale vakansiedag. Hierdie toegewing plaas wel die verantwoordelikheid op almal wat betrokke is by die skool om ons werk met toewyding te doen in die minder tyd tot ons beskikking.

Ons kernwaarde van **POSITIWITEIT** sal ons deur al ons uitdagings dra. Met ons vertroue gerig op ons Hemelse Vader ontvang ons elke dag ons Daaglikse Brood.

Volkskoolgroete.

J. T. Dörfling

J T DöRFLING